SUIDERSTRAND GEMEENSKAPS-, BEWARINGS- EN BRANDBESKERMINGSVERENIGING
Vleilaan 11, Suiderstrand, L'Agulhas, 7287 • 082 903 7047 | 083 423 0929 • suiderstrand.association@gmail.com

Suiderstrand-Vereniging: Algemene Jaarvergadering 17 Desember 2025

## AGENDA

1. Verwelkoming
2. Bevestiging van kworum
3. Aanvaardiging van notule van AJV van 18 Desember 2024
4. Erkenning van bydraes
5. Voorsittersverslag
6. Finansiële jaarstate
7. Brandbeskermingsverslag
8. Grondwetwysiging
9. Verkiesing van ampsdraers
    - — Voorsitter en ondervoorsitter
    - — Tesourier
    - — Sekretaris en vise-sekretaris
    - — Addisionele lede
10. Aanstelling van ouditeur
11. Projekte voorgestel vir die nuwe jaar
12. Ander sake
13. Afsluiting

Na die vergadering sal die brandbestrydingspan op die parkeerterrein 'n demonstrasie gee van hulle toerusting en vermoëns.

SUIDERSTRAND GEMEENSKAPS-, BEWARINGS- EN BRANDBESKERMINGSVERENIGING
Vleilaan 11, Suiderstrand, L'Agulhas, 7287 • 082 903 7047 | 083 423 0929 • suiderstrand.association@gmail.com

**MINUTES OF THE SCCFPA AGM**

Held on: 18 December 2024 Time: 10:00 Venue: 11 Vlei Avenue, Suiderstrand

| NO | ITEM | DISCUSSION/ACTION | RESP |
|---|---|---|---|
| 1. | Welcome | The chairperson welcomed all present. | |
| 2. | Quorum | The constitution of the SCCFPA requires 15% attendance including proxies for the meeting to be properly constituted. At the time of the meeting the Association had 104 registered members therefore requiring 16 people to attend. Attending the meeting was a total of 31 individuals of which 24 signed the attendance register. Nine proxies were received resulting in an attendance of 38.5%. | |
| 3. | Adoption of minutes of the 2023 AGM | The minutes were available at the meeting. Acceptance thereof was proposed by Johan Hickman and seconded by Manon McDonald | |
| 4. | Comments from Wyk 5's councillor Dr Eksteen | Dr Eksteen was introduced to the meeting by Mr Schutte who requested Dr Eksteen to share some thoughts on Suiderstrand and the current achievements and challenges ("lay of the land"). Dr Eksteen contributed as follows:<br>• Acknowledging and celebrating the uniqueness of Suiderstrand.<br>• Describing the challenges facing Suiderstrand of which the paving of the gravel portion of the R319 tops the list.<br>• Responding to input (including proposals to improve) from the floor Dr Eksteen assured the meeting his support and shared details of previous attempts to speed up the paving. Another 400m will be paved as part of the 2024/5 capital budget, leaving approximately 1.4 km of gravel road. It remains a Ward 5 priority.<br>• CAM's appointment of an environmental officer will positively assist Suiderstrand in its endeavours.<br>• Thanked the Association for its positive contributions e.g., its fire prevention activities, influencing the plot clearing bylaw and working closely with other stakeholders, e.g., SAN PARKs, the Residents Association and KAM. | |
| 5. | Chairperson's report | The full report was distributed before the meeting. It is also available on the Suiderstrand.com website. The following were highlighted:<br>• The Chairperson mentioned 2 achievements upfront:<br>  o SANPARKS' official approval to use an image of "Pietie se huis" in the Association's logo.<br>  o CAM's approval of the signage proposals for Suiderstrand.<br>• Other achievements acknowledged:<br>  o Fire protection and prevention. This remains a key focus area of the association. The fire wagon as well as fire hydrants are well maintained and regularly tested. The Fire prevention sub-committee thanked for their contribution. Schalk vd Merwe in particular thanked for his support and hard work. He is acknowledged as a founder member of the association. | |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | | 5.1.4.1 Outstanding speed bump in Seemans Drive. Danie to follow up on progress through the Ward Councillor, Dr Eksteen.<br>5.1.4.2 Proposed speed bump in Kamp Street. This was omitted from the plan submitted to and approved by KAM. KAM has been made aware of this but has not responded.<br>5.1.4.3 Water erosion at the new gravel speedbumps. KAM has been made aware of this but has not responded.<br>5.1.5 **Brand Waentjie**<br>5.1.5.1 BlueBay storage facility not suitable for the Brand Waentjie.<br>5.1.5.2 The Association confirmed the requirement to find a permanent storage facility and will continue to evaluate proposals and consider cost implications going forward.<br>5.1.5.3 Gerrit to approach KAM with a request to support the potential building of a suitable facility in the parking area.<br>5.1.5.4 Danie to renew the Brandwaentjie licence. | Danie/Derik<br><br>Danie/ Gerrit<br><br>Gerrit<br><br>Danie |
| | 5.2 Community Market | 5.2.1 Community Market initiative doing well. There will be a market in December and Anita will communicate the date.<br>5.2.2 There is a need for a "shelter" (protection against the wind and rain) over the longer period. Ongoing. | Anita |
| | 5.3 Finance | 5.3.1 Year-end financial statements submitted.<br>5.3.2 Louis and Danie will contact Louise Beeslaar to seek financial statements audit and sign-off.<br>5.3.3 Louis recommended changing the financial year-end to end of December in stead of August. This will be tabled at the AGM. | Louis<br>Danie<br><br>Louis |
| | 5.4 Membership | **5.4.1** Development of a residents welcoming letter (also see "welcoming parcel" under Comms and Marketing) covering SCCFPA goals and Suiderstrand conservation awareness. Estate Agents will be asked to share this information with new/potential residents. Ongoing.<br>**5.4.2** Electronic membership application via the webpage will be discontinued. There is currently no proof of acceptance of the indemnity condition by a new member which poses a risk to members preventing or fighting fires. A pdf document will be used that can be manually or electronically signed and submitted.<br>**5.4.3** The banking details will be added to the Membership Application form | Anita<br><br>Gerrit<br><br>Matilda |
| | 5.5 Comms and Marketing | 5.5.1 A "New Residents welcoming parcel" to be introduced and proposals submitted to the committee. **Ongoing**<br>5.5.2 **Suiderstrand Signs and Signage** – KAM approval obtained. Proposals with costs discussed by the committee and approved in principle. Decided:<br>• Matilda to make changes to the designs as agreed<br>• Gawie to review the wording of "our pledge".<br>• All changes to be submitted to Danie by 15/11.<br>• Danie and Matilda to approach Roland for assistance with implementation.<br>5.5.3 Matilda to investigate opportunities to use KAM monthly accounts system for general communication to members/ community. Ongoing.<br>5.5.4 Members of the Association are requested to always cc Suiderstrand.association@gmail.com when communicating with external bodies/individuals. All enquiries should also reference the official email address. | Matilda/ Anita<br><br>Matilda<br>Gawie<br><br>Danie/ Matilda<br><br>Matilda<br><br>All |

| | | | |
|---|---|---|---|
| | 5.6 Conservation | 5.6.1 **Environmental Management Plan** - introduced by Anita. Anita to identify and link up with the KAM Environmental Officer. Draft Environmental Management Plan (document) circulated to committee members. **Ongoing**<br>5.6.2 **Conservancies**. The concept of a conservancy could apply to Suiderstrand. Anita is mandated to research the concept, share information with the committee and approach key stakeholders, e.g., landowners in and around Suiderstrand.<br>5.6.3 **Beach conservation**. Beach cleaning will be scheduled for December. | Anita<br><br>Anita<br><br>Matilda |
| 6. | General/ Other Matters Arising | 6.1 Facebook page for the SCCFPA now in place. Well done! Committee members invited to visit.<br>6.2 Improving the Association pages on the Suiderstrand.co.za website. Changes submitted to Sam. **Done.**<br>6.3 "Sold" signage removal from stands. Matilda to discuss with Estate Agent(s), i.e., confirm 2x months advertising limit and advise the committee on appropriate actions to reduce littering.<br>6.4 The SCCFPA will use Google Drive as a repository for SCCFPA documents. Gerrit will provide individual Google Drive training as required by committee members.<br>6.5 Suiderstrand Association T-Shirts approved for interested Committee members. This will be for everyone's own account. | Matilda<br><br>Gerrit/ Derik<br><br>Matilda<br><br>Gerrit<br><br>Matilda |
| 7. | Next Meeting | AGM on 18/12/2024 at 10:00 at 54 Seemans Road (Jaco and Marieke van Zyl's house), Suiderstrand. | All |
| 8. | Meeting adjourned | The meeting adjourned at 17:45 | |

CONFIRMATION OF MINUTES

Chairperson: Danie Schutte

MINUTES PREPARED BY:

Secretary: Derik Duvenhage

SIGNATURE

DATE

SIGNATURE

SUIDERSTRAND GEMEENSKAPS-, BEWARINGS- EN BRANDBESKERMINGSVERENIGING
Vleilaan 11, Suiderstrand, L'Agulhas, 7287 • 082 903 7047 | 083 423 0929 • suiderstrand.association@gmail.com

# Voorsittersverslag 2025

Suiderstrand is 'n besondere en unieke plek. Een van die min gemeenskappe wat deur 'n nasionale park omring word. Dis 'n plek waar jy nog die sterre baie helder kan sien en waar die diere, plante en see deel is van jou daaglikse bestaan.

## Desember 2025

Die Suiderstrand Gemeenskaps-, Bewarings- en Brandbestrydingsvereniging is op 7 September 2023 gestig ter wille van brandbeskerming, bewaring en die gemeenskap. Aan al drie hierdie doelwitte is die afgelope jaar aandag geskenk.

### 1. Brandbeskerming

Brandbeskerming bly ons eerste prioriteit.

Die brandwaentjie word deurentyd in 'n goeie werkende toestand gehou. Dit word weekliks getoets, ook om vrywilligers die geleentheid te gee om daarmee te werk. Elke 4 tot 6 weke word die waentjie gehaak, na 'n ander punt vervoer, die tenk word volgemaak en die bepaalde span kry 'n geleentheid om te oefen met verskilliende sproeipatrone.

Daar word ook gekyk na meer geskikte en toeganklike behuising vir die waentjie.

Tina du Plessis het tot Augustus as brandbeampte gedien, waarna Wouter Trollip by haar oorgeneem het.

Die volgende lede het op die brandbestrydingskomitee gedien:

- Tina du Plessis
- Elma von Plaster
- Ross Kettles
- Theo Fourie
- Geoff Nicholls
- Schalk van der Merwe
- Ewald Swart
- Steve van der Spuy
- Guy Newdigate
- Wouter Trollip

Baie dankie aan almal . Hulle lewer die diens vrywillig

Ter wille van effektiewe optrede in noodgevalle is 'n kaart van Suiderstrand met waterkoppelings asook noodnommers by die parkeerterrein opgesit. 'n Magneetvel met die noodnommers is ook beskikbaar gestel.

### 2. Bewaring

Indringer plante word gereeld uitgeroei. Met die jongste telling is 4 549 uitheemste plante reeds deur hierdie inisiatief verwyder—'n vermeerdering van meer as 'n duisend sedert die vorige AJV. Baie dankie aan Schalk, Geoff en Tina vir hierdie inisiatief.

Soos besluit is vier bewaringsborde en 'n kennisgewingsbord by die uitgang tot die see by die parkeringsterrein opgerig. Dankie aan Matilda vir hierdie aksie en Gerrit wat die borde opgesit het.

'n Meningspeiling is ook gehou oor die opsit van waarskuwingsborde om motoriste aan te moedig om stadiger te ry.

### 3. Gemeenskap

- Nadat 'n meningspeiling die oprigting van straatnaamtekens oorweldigend goedgekeur het, is 24 straatnaamtekens laat maak en opgesit. Baie dankie aan Gerrit dat hy die

tekens vrywillig en sonder betaling opgesit het. Dankie ook aan Matilda wat baie moeite gedoen het om die tekens te laat maak. En baie dankie ook aan almal wat so ruim bygedra het om hierdie inisiatief moontlik te maak.

- Na vertoë van die vereniging het KAM 'n spoedwal in Kampweg opgesit. Dankie aan raadslid Eksteen en aan Deon Wasserman van KAM.
- Na 'n meningspeiling gehou is oor 'n naam vir die R319 in Suiderstrand, is die naam Suiderstrandweg met 'n groot meerderheid aanvaar. Prosedures moet nou gevolg word om die naam amptelik erken te kry.

**4. Komitee**

Die komitee het hierdie jaar bestaan uit Gawie du Toit (Onder-voorsitter en Sekretaris), Jacqueline Viljoen (Tesourier), Matilda Bester (Kommunikasie), Geoff Nichols, Willem Nel en ekself.

Tien vergaderings is gehou en Suiderstranders is daarna uitgenooi. Die belangstelling was goed en daar was 'n paar vergaderings waar die besoekers meer as die komiteelede was. Dit is nie alleen 'n bewys van die aansienlike belangstelling in die doen en late van die komitee nie, maar ook bewys van die verbintenis tot deursigtigheid van die vereniging.

**5. Finansies en lidmaatskap**

Die finansiële jaarstate is beskikbaar op die webtuiste en sal ook op die AJV beskikbaar wees. Baie dankie vir die skenkings en ledegeld wat bygedra is.

Die vereniging se inkomste vir 2024/25 het R29 526 beloop, waarvan R17 299 as donasies en R10 100 as ledegeld ontvang is. In 2023/24 was die inkomste R9 729, donasies R5 170 en ledegeld R3 700. Die totale bates op 31 Augustus het R83 246 beloop, waarvan R34 300 in ons bankrekening was en R48 946 in brandwaentjiebates. In die vorige jaar was die totale bates R51 740 bestaande uit R20 750 in die bank en R30 990 in brandwaentjiebates. Van 1 September tot 10 Desember is R5 100 in ledegeld en 'n verdere R6 750 in donasies ontvang. Die bankrekenings staan op ongeveer R28 000. Hiervan word R12 179.72 vir kapitaaluitgawes van die brandwaentjie geoormerk.

Baie dankie aan Jacqueline Viljoen wat as tesourier gedien het, en aan Louis Lourens wat die state geouditeer het.

Die lidmaatskap van die vereniging het aangegroei tot 114 tans. Die voorgestelde grondwetwysiging behoort die lidmaatskapreëls op 'n behoorlike grondslag te sit.

**6. Kommunikasie**

Drie nuusbriewe (Maart, Julie en November) is uitgestuur. Notules van vergaderings sowel as finansiële state en korrespondensie word beskikbaar gestel op die vereniging se webtuiste.

'n Inligtingsuk vir nuwe inwoners is opgestel en word versprei. Daar is ook gewerk aan 'n Gids vir Suiderstranders wat relevante inligting sal bevat.

**7. Parkforum van die Agulhas Nasionale Park**

Ons aansoek om deel te wees van die gestigte Parkforum is aanvaar. Matilda Bester (primariuslid) en Gawie du Toit (Secunduslid) verteenwoordig die vereniging op hierdie Forum. Ander Suiderstranders wat op die Forum dien is Ross Kettles (voorsitter) Tina du Plessis en Pierre Massyn.

**8. Ander sake**

- Vertoë is aan KAM en die ODM gerig om 'n volledige of satelliet-brandweerstasie in Struisbaai op te sit. As gevolg van die geweldige uitbreiding aan die Suidpunt is so 'n ontwikkeling noodsaaklik. Een van die opsies wat sinvol is, is om dit in samewerking met die Nasionale Seereddingsinstuut te vestig. 'n Herallokasie van brandbestrydingsbronne is ook 'n moontlikheid.

- Vertoë is aan KAM gerig oor die aansienlike addisionele elektiesiteits-aansluitingskoste wat net op Suiderstrandgrond betaalbaar is.
- Vertoë is aan KAM gerig om (net soos die Overstrandmunisipaliteit in Hermanus) die munisipale verordeninge so te wysig dat huiseienaars toegelaat word om sonder goedkeuring van KAM twee kamers van 'n huis op kort termyn uit te huur. Tans moet daar by KAM daarvoor aansoek gedoen word.
- Die Vereniging het aansoek gedoen om as 'n betrokke en belanghebbende party by die aansoek om die residensiële Spookdraai-ontwikkeling, verklaar te word. 'n Beswaar teen die voorsgestelde ontwikkeling is ook ingedien.

**9. Projekte/sake vir die nuwe jaar**

Die vereniging behoort m.i. aan oa die volgende sake in die nuwe termyn aandag te skenk:

- 'n Skuur of garage vir die brandwaentjie waar dit op 'n redelike permanente basis gehou kan word. Die waentjie moet maklik uit die stoorplek getrek kan word vir gebruik.
- Daar moet formeel by KAM aansoek gedoen word vir die nuwe naam van die R319, en die straat moet dan van 'n nuwe straatnaambord voorsien word.
- Die voorgestelde en goedgekeurde waarskuwingsborde moet aandag kry.
- Die ingang met die voorgestelde inheemse tuin, dammetjie en bewaringsdorpbord moet aandag kry.
- Die wegkalwing van die strand naby en by die parkeerplek moet deskundige aandag kry.
- Die groot aantal telefoonpale bly onooglik en daar sal weer met Telkom hieroor onderhandel moet word.
- Die vereniging moet by SARS registreer.

**10. In memoriam**

Indie afgelope tyd het ons drie geliefde Suiderstranders aan die dood verloor. Sakkie Botes van Seemansweg, Frans Fouché van Boegoelaan en Andre Grové ook van Seemansweg. Hulle karaktervolle vriendskap en betrokkenheid sal vir lank nog by ons bly, en ons verlang na hulle. Ons betuig ons meegevoel met al hulle naasbestaandes.

**11. Bedanking**

Baie dankie vir almal se samewerking oor die afgelope twee jaar. Dit geld vir al die Suiderstranders, maar ook vir ons wykraadslid, dr Eksteen en KAM-ampsdraers. Ons stem nie oor alles saam nie, maar meningsverkille en debat is noodsaaklik vir vooruitgang en ontwikkeling mits dit nie destruktief is nie.

Ek glo ons het saam 'n gemeenskapsorganisasie gebou van niks af nie. 'n Organisasie met sy eie identiteit en stem wat erken en gerespekteer word ver buite ons klein dorpie.

Die verskillende komponente moet net saamwerk. Die brandbestryding is ons prioriteit en die rede vir ons bestaan, maar die bewaring en die gemeenskap is ook daar. Die drie komponente moet saam trek . Dan tree ons op tot almal se voordeel.

**12. Slotwoord**

Suiderstrand bly 'n besondere en unieke plek met sy eie karakter. Juis as gevolg hiervan gaan dit nie ontwikkeling vryspring nie.Maar dit hang af van hierdie vereniging of hy sy karakter verder gaan vestig en uitbou te midde van die ontwikkeling, of nie. Dit gaan nie vanself gebeur nie.

DANIE SCHUTTE

SUIDERSTRAND GEMEENSKAPS-, BEWARINGS- EN BRANDBESKERMINGSVERENIGING
Vleilaan 11, Suiderstrand, L'Agulhas, 7287 • 082 903 7047 | 083 423 0929 • suiderstrand.association@gmail.com

## SUIDERSTRAND COMMUNITY CONSERVATION AND FIRE PREVENTION ASSOCIATION ( S C C F P A )

**FINANCIAL STATEMENTS FOR PERIOD 01 / 09 / 2024 TO 31 / 08 / 2025**

### INCOME STATEMENT

**INCOME**

| | | | |
|---|---|---|---|
| CASH DONATIONS | | 17 299.00 | |
| MAGNET SALES | | 950.00 | 18 x MAGNETS |
| CASH MEMBERS FEES | | 10 100.00 | |
| | TOTAL | 28 349.00 | |
| INTEREST RECEIVED | | 1177.43 | |
| | TOTAL | 29 526.43 | |
| EQUIPMENT SPONSERED BY KAM | | 2 592.00 | |
| EQUIPMENT SPONSORED OTHER | | 0.00 | |

**EXPENSES**

| | | | | |
|---|---|---|---|---|
| PURCHASE OF FIRE FIGHTING TRAILER / EQUIPMENT | | 1 250.00 | 3 x RADIOS | 1 250.00 |
| EXPENSES OF UPGRADING & MAINTAINING TRAILER | | 4 984.56 | BOARDS | 1 135.00 |
| | | | REG & LIC . | 399.00 |
| | | | BOARDS | 180.00 |
| | | | KAPUT | 291.56 |
| | | | FIRE HOSE | 2979.00 |
| EXPENSES OTHER | | 9 602.80 | PRINTING | 1430.00 |
| | | | KAM BUILD | 1 380.00 |
| BANK CHARGES | | 139.10 | MAGNETS | 713.00 |
| | | | BOARDS | 475.00 |
| | | | BOARDS | 3500.00 |
| | | | ENTRANCE - | 978.00 |
| | | | SIGNS | 862.90 |
| | | | STR NAMES | 263.90 |
| | TOTAL CASH ON HAND | 34 300.61 | | |
| | TRANSACTIONAL ACCT | 8 767.04 | | |
| | INVESTMENT ACCT | 25 533.57 | | |

| CONTROL | DATE |
|---|---|
| 34 300.61 | 31/8/2025 |

### BALANCE SHEET AS AT 31 / 08 / 2025

| | | |
|---|---|---|
| CURRENT ASSETS - CASH ON HAND | | 34 300.61 |
| FIXED ASSETS - FIRE FIGHTING TRAILER | | 48 946.00 |
| | TOTAL ASSETS | 83 246.61 |

CAM / ODM donation
R 2592 - extra standpipe & key
R10000 - 3 brandpype
FIRE HOSE R 2979

| | | |
|---|---|---|
| Jacqueline Viljoen | Louis Lourens | Danie Schutte |
| TREASURER | AUDITOR | CHAIRMAN |

## RING FENCED FOR FIRE WAGON – year end 31 Aug 2025

| Description | Donation | Expenditure |
|---|---|---|
| as per S vd Merwe | R14 315.28 | |
| 3 x Radios | | R 1 250.00 |
| Sign Boards - Ablution wall | | R 1 135.00 |
| Boards | | R 180.00 |
| Donation received from Anonymous | R 2 100.00 | |
| Donation received from Anonymous | R 2 000.00 | |
| 30m Fire hose | | R 2 979.00 |
| License & Registration | | R 399.00 |
| Kaput | | R 291.56 |
| Total | R18 415.28 | R 6 235.56 |
| **Balance R12 179.72** | | |

## RING FENCED FOR SIGNAGE - year end 31 Aug 2025

| Description | Donation | Expenditure |
|---|---|---|
| Donation Hein Piek | R 2 850.00 | |
| Donation Johan Pienaar | R 500.00 | |
| Donation Danie Schutte | R 1 200.00 | |
| Entrance Board, Board at parking | | R 3 500.00 |
| Signage paid at Print-it | | R 475.00 |
| Entrance | | R 978.00 |
| Signs | | R 862.90 |
| Str names | | R 263.90 |
| Total | R 4 550.00 | R 6 079.80 |
| **Balance R 1 529.80-** | | |

# VASTE BATES BRANDWAENTJIE / FIXED ASSETS FIRE WAGON

| SOOS OP - 31 AUGUSTUS 2023 | |
|---|---|
| Brandwaentjie aankoop | R12 000 |
| 5 liter Petrol tank | R 500 |
| 6 x pare Handskoene | R 456 |
| Donasie onvang vanaf KAM - | R10 000 |
| Brand kraan & handvatsel | |
| Brand kraan & koppelstuk | |
| Brand slang spuitkop | |
| 6m Brand slang vul pyp | |
| 6m Brand slang | |
| Spaarwiel vir die waentjie | R 250 |
| 2 x Sleutel kassies | R 1 800 |
| Slot | R 85 |
| Amo kis | R 399 |
| Nuwe nozzle | R 690 |
| Veiligheids toerusting – brille | R 353 |
| Boltcutter | R 600 |
| 4 x saagies | R 716 |
| **TOTAAL 31 Augustus 2023** | **R27 849** |

| SOOS OP - 31 AUGUSTUS 2024 | |
|---|---|
| Kettingsaag – donasie deur Anoniem | R 3 141 |
| **TOTAAL 31 Augustus 2024** | **R30 990** |

| SOOS OP - 31 AUGUSTUS 2025 | |
|---|---|
| 3 x Radios | R 1 250 |
| Staan pyp & sleutel – donasie KAM | R 2 592 |
| Kennisgewing borde | R 1 135 |
| 30m Brand slang – R2000 donasie Anoniem | R 2 979 |
| 3 x Brand pype – donasie ODM | R10 000 |
| **TOTAAL 31 Augustus 2025** | **R48 946** |

# Begroting 2025 / 2026

| **Inkomste** | | |
|---|---|---|
| Ledegeld Kontant | R10 000,00 | |
| Donasies – kontant | R12 000,00 | |
| Rente verdien | R 1 000,00 | R23 000,00 |

| **Oordragte van ge-oormerkte fondse** | | |
|---|---|---|
| Brandwaentjie (kapitaal) | R12 179.72 | |
| Straatnaamborde | R 8 550,00 | R20 729,72 |
| | | **R43 729,72** |

| **Uitgawes** | | |
|---|---|---|
| Brandwaentjie (lopend) | R 8 000,00 | |
| Kapitaal & Ge-oormerk | R12 179,72 | |
| Straatnaamborde | R17 000,00 | |
| Ander | R 5 000,00 | R42 179,72 |

R43 729,72
R42 179,72 minus
R 1 550,00 Surplus

SUIDERSTRAND GEMEENSKAPS-, BEWARINGS- EN BRANDBESKERMINGSVERENIGING
Vleilaan 11, Suiderstrand, L'Agulhas, 7287 • 082 903 7047 | 083 423 0929 • suiderstrand.association@gmail.com

Daar word beoog om artikel 5 van die Vereniging se Grondwet te verander soos hieronder aangedui. Die verandering moet deur die algemene jaarvergadering bekragtig word.

**5. Lidmaatskap en stemreg**

5.1 Enige eienaar of huurder van vaste eiendom in Suiderstrand en enige permanente inwoner van Suiderstrand, sowel as die Kaap Agulhas Munisipaliteit (KAM) en die Kaap Agulhas Nasionale Park kan te eniger tyd 'n lid word, op voorwaarde dat die voornemende lid onderneem om hierdie Grondwet en die Brandbeskermingsreëls te respekteer; instem tot enige voorwaarde wat deur die komitee neergelê word; en die ledegeld betaal waarop jaarliks deur die komitee ooreengekom word.

5.2 Die komitee kan, vir dienste gelewer aan die vereniging, afstand doen van die vereiste dat 'n lid ledegeld betaal.

5.3 'n Persoon of regspersoon kan meer as een lidmaatskap verkry ten opsigte van meer as een eiendom maar kan nie meer as twee lidmaatskappe verkry nie.

5.4 Daar kan ook nie meer as twee lede wees ten opsigte van een eiendom nie.

5.5 Slegs lede wie se ledegeld opbetaal is, is stemgeregtig ingevolge hierdie Grondwet.

5.6 Lidmaatskap kan deur 'n lid beëindig word deur 'n skriftelike of elektroniese bedanking as lid aan die komitee te stuur. Die komitee kan ook 'n lid se lidmaatskap beëindig deur die lid skriftelik of elektronies in kennis te stel dat sy of haar lidmaatskap beëindig is omdat hy of sy nie meer aan die vereistes vir lidmaatskap voldoen nie.

5.7 'n Lid mag nie oor meer as vier volmagte beskik om namens ander lede te stem op algemene vergaderings of die algemene jaarvergadering van lede van die vereniging nie.

5.8 Die komitee hou 'n register met die name, adresse en kontakbesonderhede van alle lede en opbetaalde lede.